GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2024

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**VRAESTEL 1**

**TYD:** 1½ uur

**PUNTE:** 100

**10 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste getal oorskry, sal NIE nagesien word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen die onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Ekonomie is ŉ sosiale wetenskap wat bestudeer hoe mense hul talle behoeftes en begeertes bevredig met ...

A beperkte middele.
B onbeperkte hulpbronne.
C beperkte bevrediging.
D onbeperkte nut.

1.1.2. Ekonometrie handel oor …

A die impak van ekonomiese besluite op die omgewing.
B wêreldhandel en die internasionale ekonomie.
C die toepassing van statistiek in ekonomie.
D handel en finansies tussen lande.

1.1.3 Die belangrikste deelnemer(s) in die kringloopmodel is die …

A regering.
B werkers.
C werkgewers.
D huishoudings.

1.1.4 Die basiese ekonomiese probleem waarmee alle nasies te make het, is ...

A verbruik.
B verspreiding.
C skaarsheid.
D produksie.

1.1.5 Watter stadium van ŉ sakesiklus word geassosieer met lae rentekoerse, en die toename in produksie?

A Herstel
B Voorspoed
C Inkrimping
D Piek (5 x 2) (10)

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.7 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomiese doeltreffendheid | A ʼn plek waar finale goedere en dienste gekoop en verkoop word |
| 1.2.2 Keynesiaanse benadering | B verander gelyktydig met die veranderinge in ekonomiese aktiwiteit |
| 1.2.3 Produkmark | C aaname dat vrye markte geen selfbalanserende meganismes het nie |
| 1.2.4 Sakesiklus | D die vryemarkekonomie is inherent stabiel |
| 1.2.5 Omgewing | E wisselende periodes van uitbreiding en inkrimping |
| 1.2.6 Samevallende aanwyser | F ʼn optimale toewysing van hulpbronne om welsyn te maksimeer |
| | G die fisiese omstandighede en toestande wat mense se lewens beïnvloed |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.

1.3.1 ʼn Tak van ekonomie wat fokus op die studie van individuele ekonomiese eenhede op ʼn kleiner skaal.

1.3.2 Die gedeelte van hul inkomste wat ʼn huishouding nie bestee nie.

1.3.3 Goedere wat volop is, maar geen ruilwaarde het nie.

1.3.4 Veranderlikes wat die sakesiklus beïnvloed, maar nie direk verband hou met die normale funksionering van die ekonomie nie (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: [20]**

**AFDELING B**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE beroepsgeleenthede in die ekonomiese studierigting. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter voordeel hou die gebruik van ŉ ekonomiese model in? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

.

**LOT VAN DIE MENSDOM RUS OP EKONOMIE**



Die voormalige president, Thabo Mbeki, wat ŉ graad in Ekonomie het, het die oproep van Fidel Castro aan politici aangehaal om Ekonomie te bestudeer. Hy het gesê dat politieke leiers Ekonomie moet studeer om die probleem van billikheid, volhoubare ontwikkeling en menslike veiligheid op te los.

Ekonomie is die basis waarop die lot van die mensdom afhang. Dit is ook die basis vanwaar ons stryd om gelykheid begin. "Politici wat nie wil verstaan nie of wat nie die ekonomie bestudeer nie, is nie waardig om hul regsplig uit te oefen nie", het die oud-president gesê.

**[Aangepaste Bron: *Sunday Argus*.]**

2.2.1 Noem die ekonomiese stelsel wat met Fidel Castro geassosieer word. (1)

2.2.2 Watter ekonomiese studierigting sal die geskikste wees vir regeringsleiers om te studeer? (1)


2.2.3 Verduidelik kortliks die term *ekonomiese stelsel*. (2)

2.2.4 Waarom word ekonomie as die "studie van keuses" beskou? (2)

2.2.5 Hoe kan ekonomie gebruik word om inkomste-ongelykheid op te los? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE EKONOMIESE KRIGLOOP**




**[Bron: Investopedia.com]**

2.3.1 Noem die afwesige deelnemer in ŉ geslote ekonomie. (1)

2.3.2 Identifiseer een van die hoofvloeie in die kringloopmodel. (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die term ekonomiese *kringloop.* (2)

2.3.4 Hoekom is die buitelandse sektor belangrik vir ekonomiese groei? (2)

2.3.5 Hoe sal ŉ toename in huishoudelike besteding die ekonomiese kringloop beïnvloed? (4)

2.4 Onderskei tussen ŉ positiewe en ŉ normatiewe stellings. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe is ekonomie en wiskunde verwant aan mekaar? (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van kapitaalgoedere. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is die BBP van Suid-Afrika tradisioneel hoër as sy BNP? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE IMPAK VAN DIE OORLOG TUSSEN DIE OEKRAÏNE EN RUSLAND OP DIE EKONOMIE**




*'n Bittere en bloedige oorlog in die Oekraïne het die land verwoes, Rusland verder van die Weste geïsoleer en ekonomiese onsekerheid regoor die wêreld aangevuur.*

**[Aangepaste bron: www.economist.com]**

3.2.1 Identifiseer die deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat die meeste deur die oorlog in die Oekraïne geraak is. (1)

3.2.2 Hoe het kommoditeitspryse verander as gevolg van die oorlog? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *buitelandse handel.* (2)

3.2.4 Waarom is Suid-Afrikaanse produksie ontwrig weens die oorlog? (2)

3.2.5 Op watter manier kan Suid-Afrika baat uit die verbod op handel met Rusland? (4)

3.3 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg.

**SA SE VUIL LUG**



*Johannesburg het van die swakste luggehalte ter wêreld. Die stad meet 2,6 keer hoër as die Wêreldgesondheidsorganisasie se riglynwaarde. Kenners sê swaar afhanklikheid van steenkool en mynbou is die hoofoorsaak van die stad se besoedeling*.

**[*Aangepaste bron: Nuus24*]**

3.3.1 Identifiseer die tipe besoedeling wat in die prent hierbo uitgebeeld word. (1)

3.3.2 Wat word die belasting genoem wat op besoedeling-intensiewe goedere gehef word? (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *omgewingsvolhoubaarheid.* (2)

3.3.4 Waarom dra ontwikkelde lande meer by tot globale besoedeling as ontwikkelende lande? (2)

3.3.5 Hoe kan onderwys help om besoedelingsvlakke te verlaag? (2 x 2) (4)

3.4 Beskryf die verskille tussen absolute en relatiewe skaarsheid. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe beskerm die regering verbruikersregte? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ʼn laer-orde reaksie.<br>• ʼn Goeie beginpunt sal wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag by jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Beoordeel/ Debatteer<br>**ʼn Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Addisionele deel: Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Debatteer/Lei af Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/ Hoe?/Stel voor<br>**ʼn Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote opsomming van feite.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is te herhaal.<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ʼn Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die deelnemers aan die ekonomiese kringloop. (26 punte)
- Ondersoek die belangrikheid van ’n oop ekonomie vir Suid-Afrika. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die uitwerking van sakesiklusse op die volgende:
  - totale aanbod en totale vraag
  - indiensneming
  - wisselkoerse
  - die ekonomies kwesbares (26 punte)
- Hoe beïnvloed eksterne faktore ekonomiese skommelinge? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**